Woensdag 8 April

Skrifgedeelte: Genesis 12:1-3; 15:1-21

Fokusgedeelte: Genesis 15:5, 17

Die seën van God se ewige verbond word volmaak in Jesus Christus

God roep Abram met 'n belofte, en van hierdie belofte lees ons in Genesis 12:1-3. Genesis 15 bou dan verder op die belofte van God se verbond met Abram. In Genesis 15 word 'n besondere belofte aan Abram gemaak aan die hand van 'n teken. As teken van God se belofte word die sterre van die hemel gebruik – so groot sal die nageslag van Abram wees: ontelbaar. Die groot nageslag sal as teken dien van God se seën oor Abram. Alreeds op grond van die Woord van die belofte glo Abram, en dit word hom tot geregtigheid gereken. Die groot nageslag word nog groter in Christus, aangesien deur die werk van Christus elke gelowige mens gereken word as nageslag van Abram en dus ook deel in die seën van God se verbond met Abraham.

Interessant: Alhoewel Abram geglo het, het hy tog 'n daadwerklike bevestiging van God gevra: Hoe sal hy weet dat God werklik sy belofte sal nakom om sy nageslag te vermeerder en aan hom die land Kanaän sal gee? God gebruik dan 'n tweede teken om Abram van hierdie verbond te verseker. Abram moet die offer voorberei deur die genoemde diere en voëls middeldeur te sny en voor die Here te gaan neerlê.

Die interessante saak is: God self beweeg in die middel van hierdie diere. Die Here alleen neem verantwoordelikheid vir hierdie verbond, aangesien deur die toedoen van 'n mens geen verbond ooit ewig sou kon wees nie. Hierdie aksie word dan ook in Christus vol, aangesien Christus se offer die ewigheid van die verbond verseker.

Deur die werk van Christus word die kerk van die Nuwe Testament by hierdie einste verbond ingelyf (Gal. 3). In Christus sien ons dat God werklik 'n ewige verbond sluit met Abram. Vanuit die stam van Abram word al die nasies van die aarde in Christus geseën.

*Sing: Psalm 72-1:4, 10*

*Ds. JG (Jan) Ehlers (Meyerton)*